**4 FEBRUARIE** **SKRIFGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 8**
**FOKUSGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 8:10**

## Sê dankie!

Die heilige God was niks aan Israel verskuldig nie. Tog het Hy hulle uit die ellende van Egipte verlos. Daarna het Hy, ten spyte van hulle ontrouheid en ongehoorsaamheid en ondankbaarheid en nog baie ander sondes, in die woestyn vir hulle gesorg. Vir veertig jaar lank het Hy na hulle omgesien. Hulle klere het nie verslyt nie en hulle voete het nie geswel nie (vs. 4). Uiteindelik het hulle by die Jordaanrivier aangekom, op die drumpel van die beloofde land. Toe het God weereens, sonder dat hulle dit verdien het, sy voorneme aan hulle bekendgemaak om daardie goeie land aan hulle te gee, "'n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat in valleie en berge ontspring, 'n land met koring en gars, wingerde, vyebome en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning, 'n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks sal kortkom nie…" (vs. 7-9).

Dit is hoe groot die Here se genade is. Daarom kon dit nie anders nie dat dié opdrag aan hulle gegee is (vs. 10): "Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het."

Wie deel het aan die belofte van die beloofde land, die goeie land wat ons in Christus ontvang, kan nie anders as om 'n dankbaarheidslewe te lei nie. Want ons het dit nie verdien nie. God was niks aan ons verskuldig nie. Hy het ten spyte van ons onwaardigheid en sondeskuld aan ons die versekering gegee dat elkeen wat glo die ewige lewe het in die naam van Jesus Christus.

*Sing: Psalm 116:7* *Ds Casper Breed (Secunda)*